SUIDER-PAARL GEMEENTE

Ons tema is steeds: Hoe hoor en sien ons God? Hierdie dagstuk gaan oor ons siening van God. Dikwels hoor ons nie vir God nie, omdat ons siening van God verkeerd is.

Lees gerus weer rustig deur Matteus 25: 14 – 30, moontlik is, ook die konteks waarin dit staan. (Die sogenaamde profetiese rede van Jesus van Matteus 24 en 25). Vir interessantheid kan jy ook die alternatiewe weergawe van hierdie gelykenis lees in Lukas 19:11 – 27 (Daar is sprake van 10 slawe wat elkeen een muntstuk ontvang!) Kyk dan wat is elke slaaf se beloning!).

Die derde werknemer in die gelykenis het sy werkgewer as ’n harde “baas” gesien, wat ons almal soos robotte gemaak het. God het elkeen van ons (vir jou) gemaak as iemand met ’n vrye wil en keuse. Hierdie keusevryheid hou in dat ’n mensekind kan kies om ’n vriend van God te word en te wees. Abraham was ’n vriend van God (2 Kronieke 20), en Jesus nooi ons uit om sy vriend/vriendin te wees – nie meer sy slaaf / ondergeskikte nie! (Joh. 15).

Maar vriende kommunikeer gereeld met mekaar. As ek stop, of lui word om die Bybel te lees, is ek nie meer besig om te bou aan ’n liefdesverhouding met my Vriend nie. Dit geld ook as ek nie meer praat met my Vriend nie – gereeld - deur gebed.

Soos die werknemers in die gelykenis, kan jy óf vir God vertrou en deelneem aan sy plan, en dan eendag hoor: “Mooi so... kom in in my heerlikheid” óf: “Jy was ’n slegte en lui Christen – jy het nie deel aan My nie”.

Om oor te reflekteer:

1. Hoe sien jy persoonlik vir God? As ’n harde man? Of ’n kosmiese “baas”? Of het jy al aanbeweeg en God ontdek as vriend?
2. Wat gaan jy persoonlik doen om ’n volgehoue, liefdevolle gespreksverhouding met God te voed?
3. Wat wil jy nou in hierdie oomblik vir God sê of vra? ... Doen dit dan!

Wees Anders...
...Want Jesus is Anders...